(1,1) -1- Sallies_Afr_T2IB02925.indd 2011/03/01 11:15 AM

# SALLIES

**SALLIES BEPERK**
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer 1903/001879/06)
JSE-aandeelkode SAL ISIN: ZAE000022588
("Sallies" of "die maatskappy" of "die groep")

# NAGESIENE GEKONSOLIDEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 DESEMBER 2010

## HOOGTEPUNTE

- **Hoewel albei myne van die Maatskappy gedurende die oorsigtydperk op 'n versorging-en-instandhoudingsgrondslag was, is take geprioritiseer om ordelike en doeltreffende hervatting van produksie by Witkop moontlik te maak**
- **Na 31 Desember 2010 is 'n bedryfskapitaalfasiliteit van VS$8 miljoen verkry**
- **Na 31 Desember 2010 het Sallies aangekondig dat Witkop ontginning en produksie sou hervat.**

## SAAMGEVATTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| R'000 | **Ses maande geëindig 31 Desember 2010 Nagesien** | Ses maande geëindig 31 Desember 2009 Nie nagesien | Jaar geëindig 30 Junie 2010 Geouditeer |
|---|---|---|---|
| **Inkomste – mynbou** | **16 862** | 44 582 | 60 815 |
| **Netto valutaverliese** | **(1 456)** | (1 207) | (1 091) |
| **Koste van verkope** | **(13 584)** | (43 548) | (59 929) |
| Wins/(verlies) uit mynbou-aktiwiteite | **1 822** | (173) | (205) |
| Min: Depresiasie | **(7 157)** | (8 750) | (19 451) |
| **Bedryfsverlies uit mynbou** | **(5 335)** | (8 923) | (19 656) |
| (Verlies)/wins met verkoop van aanleg, eiendom en toerusting | **(25)** | 130 | (611) |
| Administratiewe uitgawes | **(21 833)** | (10 984) | (17 927) |
| Beleggingsinkomste | **135** | 84 | 320 |
| Finansieringskoste op lenings | **(652)** | (445) | (6 432) |
| Rente op omskepbare skuldbriewe | **(3 657)** | (3 648) | (7 224) |
| **Verlies voor Honeywell, aandeelgebaseerde betalings en Buffalo-waardedaling** | **(31 367)** | (23 786) | (51 530) |
| Voorsiening vir Honeywell-rentetoekenning | **–** | (235) | (464) |
| Veronderstelde rente op omskepbare skuldbriewe | **(1 836)** | (1 389) | (3 204) |
| Aandeelgebaseerde betalings | **(631)** | (2 078) | (920) |
| **Verlies voor Buffalo-waardedaling** | **(33 834)** | (27 488) | (56 118) |
| Buffalo-waardedaling | **–** | – | (6 464) |
| **Netto verlies voor en na belasting: Totale omvattende verlies vir die tydperk** | **(33 834)** | (27 488) | (62 582) |
| Uitgereikte aandele (000) | **724 556** | 642 220 | 642 220 |

## SAAMGEVATTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

| R'000 | **31 Desember 2010 Nagesien** | 31 Desember 2009 Nie nagesien | 30 Junie 2010 Geouditeer |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **99 001** | 93 621 | 102 561 |
| Beleggingseiendomme | **3 143** | 3 133 | 3 143 |
| Ontoeganklike belegging | **3 341** | 2 226 | 2 779 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **82 342** | 78 087 | 86 464 |
| Klandisiewaarde | **10 175** | 10 175 | 10 175 |
| **Bedryfsbates** | **41 826** | 82 376 | 72 609 |
| Voorraad | **24 275** | 42 658 | 31 576 |
| Handels- en ander ontvangbare rekeninge | **14 745** | 8 323 | 13 543 |
| Belasting voorafbetaal | **2 789** | 2 789 | 2 789 |
| Kontant en kontantekwivalente | **17** | 28 606 | 24 701 |
| **Totale bates** | **140 827** | 175 997 | 175 170 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| **Kapitaal en reserwes** | **13 553** | 73 879 | 35 672 |
| Aandelekapitaal en -premie | **295 872** | 284 787 | 284 787 |
| Gedeelte van omskepbare skuldbriewe geag ekwiteit te wees | **17 102** | 17 102 | 17 102 |
| Aandeelgebaseerde betalingsreserwe | **19 577** | 22 060 | 18 947 |
| Opgehoopte verlies | **(318 998)** | (250 070) | (285 164) |
| **Nie-bedryfslaste** | **112 646** | 81 607 | 109 053 |
| Langtermynlening | **1 320** | 2 576 | 1 287 |
| Voorsiening vir omgewingsrehabilitasie | **48 257** | 19 611 | 46 532 |
| Gedeelte van omskepbare skuldbriewe geag ekwiteit te wees | **63 069** | 59 420 | 61 234 |
| **Bedryfslaste** | **14 628** | 20 511 | 30 445 |
| Handels- en ander betaalbare rekeninge | **13 304** | 17 522 | 27 805 |
| Lopende gedeelte van langtermynlaste | **1 324** | 2 989 | 2 640 |

(1,2) -1- Sallies_Afr_T2IB02925.indd 2011/03/01 11:15 AM

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Totale omvattende verlies vir die tydperk** | | | |
| Uitgereikte aandele (000) | **724 556** | 642 220 | 642 220 |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele (000) | **683 388** | 642 220 | 642 220 |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele vir verwaterde verdienste per aandeel (000) | **683 388** | 642 220 | 642 220 |
| **REKONSILIASIE VAN VERDIENSTE** | | | |
| Netto verlies toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers vir basiese verdienste per aandeel | **(33 834)** | (27 488) | (62 582) |
| (Wins)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | **25** | (130) | 611 |
| Buffalo-waardedaling | **–** | – | 6 464 |
| Netto verlies toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers vir wesensverdienste per aandeel | **(33 809)** | (27 618) | (55 507) |
| **PER AANDEEL (sent)** | | | |
| Verlies per aandeel | **(4,7)** | (4,3) | (9,8) |
| Verwaterde verlies per aandeel | **(5,0)** | (4,3) | (9,8) |
| Wesensverlies per aandeel | **(4,7)** | (4,3) | (8,7) |
| Verwaterde wesensverlies per aandeel | **(4,9)** | (4,3) | (8,7) |

## SAAMGEVATTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

| R'000 | Aandele-kapitaal | Aandele-premie | Gedeelte van omskepbare skuldbriewe geag ekwiteit te wees | Aandeel-gebaseerde betalings-reserwe | Opgehoopte verlies | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Saldo op 31 Desember 2009** | 642 | 284 145 | 17 102 | 22 060 | (250 070) | 73 879 |
| Aandeelgebaseerde betalings | | | | (3 114) | | (3 114) |
| Verlies vir tydperk | | | | | (35 094) | (35 094) |
| **Saldo op 30 Junie 2010** | 642 | 284 145 | 17 102 | 18 946 | (285 164) | 35 671 |
| Aandeelgebaseerde betalings | | | | 631 | | 631 |
| Aandele uitgereik | 82 | 11 003 | | | | 11 085 |
| Verlies vir tydperk | | | | | (33 834) | (33 834) |
| **Saldo op 31 Desember 2010** | **724** | **295 148** | **17 102** | **19 577** | **(318 998)** | **13 553** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bedryfslaste** | **14 628** | 20 511 | 30 445 |
| Handels- en ander betaalbare rekeninge | **13 304** | 17 522 | 27 805 |
| Lopende gedeelte van langtermynlaste | **1 324** | 2 989 | 2 640 |
| **Totale ekwiteit en laste** | **140 827** | 175 997 | 175 170 |
| Bedryfsbate/bedryfslas-verhouding | **2,9** | 4,0 | 2,4 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | **1,9** | 11,5 | 5,6 |

## SAAMGEVATTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

| R'000 | **Ses maande geëindig 31 Desember 2010 Nagesien** | Ses maande geëindig 31 Desember 2009 Nie nagesien | Jaar geëindig 30 Junie 2010 Geouditeer |
|---|---|---|---|
| **Netto kontant (uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite** | **(31 178)** | (1 988) | (2 770) |
| **Netto kontant (uitvloei)/invloei uit beleggingsaktiwiteite** | **(3 308)** | 1 954 | 470 |
| **Netto kontantinvloei/(uitvloei) uit finansieringsaktiwiteite** | **9 802** | (2 392) | (4 030) |
| **Netto (afname) in kontant en kontantekwivalente** | **(24 684)** | (2 425) | (6 330) |
| **Kontant en kontantekwivalente aan begin van tydperk** | **24 701** | 31 031 | 31 031 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan einde van tydperk** | **17** | 28 606 | 24 701 |

## VERKORTE SEGMENTELE ONTLEDING

| R'000 | Witkop Noord-Wes | Buffalo Limpopo | Ander | Gekonsolideer |
|---|---|---|---|---|
| **Ses maande geëindig 31 Desember 2009** | | | | |
| Eksterne inkomste | 41 432 | 3 150 | – | 44 582 |
| Segmentele (verlies) | (15 960) | (958) | (10 570) | (27 488) |
| Totale bates | 163 289 | 4 549 | 8 159 | 175 997 |
| Totale laste | (16 046) | (11 915) | (74 157) | (102 118) |
| **Jaar geëindig 30 Junie 2010** | | | | |
| Eksterne inkomste | 57 665 | 3 150 | – | 60 815 |
| Segmentele (verlies)/wins | (105 419) | (10 575) | 53 412 | (62 582) |
| Totale bates | 169 147 | 3 326 | 2 697 | 175 170 |
| Totale laste | (33 668) | (20 025) | (85 806) | (139 499) |
| **Ses maande geëindig 31 Desember 2010** | | | | |
| Eksterne inkomste | **16 862** | **–** | **–** | **16 862** |
| Segmentele (verlies) | **(29 499)** | **(2 613)** | **(1 722)** | **(33 834)** |
| Totale bates | **135 024** | **4 567** | **2 696** | **140 827** |
| Totale laste | **(35 660)** | **(22 207)** | **(69 407)** | **(127 274)** |

## KOMMENTAAR VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 DESEMBER 2010

**ONTLEDING VAN RESULTATE**

Sallies het 'n verlies van R5,3 miljoen uit mynbou-aktiwiteite vir die ses maande tot Desember 2010 gely, vergeleke met 'n verlies van R8,9 miljoen vir dieselfde tydperk verlede jaar. Omset het van R44,6 miljoen vir die ses maande tot Desember 2009 tot R16,9 miljoen vir die ses maande tot Desember 2010 gedaal.

**BEDRYWIGHEDE**

Die internasionale vraag na suurgraadvloeispaat het plat gebly vir die tydperk en geen beduidende uitvoerbestellings is ontvang nie. Gevolglik is albei myne van die Maatskappy gedurende die oorsig-tydperk op 'n versorging-en-instandhoudingsgrondslag gehou. Die aanleg by Witkop Fluorspar Mine (Eiendoms) Beperk is vir twee kort tydperke bedryf om plaaslike bestellings en een uitvoerbestelling uit

alle wesenlike opsigte ten gunste van Sallies en Witkop beslis. Kennisgewing is vervolgens van SAID ontvang dat hy nie beoog om appèl teen die uitspraak aan te teken nie.

Gevolglik sal voorlopige betalings ten bedrae van R6,7 miljoen (uitgesluit rente) aan die groep terug-betaal word. Voorafbetaalde belasting van R2,8 miljoen word tans in die gekonsolideerde staat van finansiële posisie van Sallies gedra.

Die geskil met SAID met betrekking tot Sallies se BTW, soos aandeelhouers voorheen meegedeel is, is met sukses in Sallies se guns bygelê.

**OPSTELLINGSGRONDSLAG**

Die nagesiene gekonsolideerde resultate bevat die inligting wat deur IAS 34: Tussentydse Finansiële

Die internasionale vraag na suurgraadvloeispaat het plat gebly vir die tydperk en geen beduidende uitvoerbestellings is ontvang nie. Gevolglik is albei myne van die Maatskappy gedurende die oorsigtydperk op ’n versorging-en-instandhoudingsgrondslag gehou. Die aanleg by Witkop Fluorspar Mine (Eiendoms) Beperk is vir twee kort tydperke bedryf om plaaslike bestellings en een uitvoerbestelling uit te voer. Kontantbewaring, tesame met die verkoop van surplusbates, het ’n sleutelstrategie gebly. Die voorraad suurgraadvloeispaat aan die begin van die tydperk is gedurende die tydperk teen kosprys verkoop om kontant te genereer. Plaaslike verkope van metgraadvloeispaat was op ’n soortgelyke vlak as dieselfde tydperk verlede jaar.

Om die nodige kapasiteit vir die herinbedryfstelling van die myne te hê, is sleutelpersoneel by Witkop behou en die produksiefasiliteite is in afwagting daarvan in stand gehou.

Die maatskappy boekstaaf met genoeë dat geen verloretyd-, ongeskikmakende of noodlottige ongelukke gedurende hierdie oorsigtydperk plaasgevind het nie.

**MINERAALRESERWES EN -HULPBRONNE**

Die mineraalreserwes en -hulpbronne soos in die finansiële jaarstate vir 2010 aangegee, het nie wesenlik verander nie.

**ONDERHANDELINGE MET SEB-VENNOOT**

Op die buitengewone aandeelhouersvergadering wat in Januarie 2011 gehou is, is al die besluite wat nodig is om die SEB-transaksie te finaliseer, goedgekeur.

**VOORUITSIG**

Fluoorwaterstofsuur (HF) kan nie sonder suurgraadvloeispaat geproduseer word nie. Hierdie suur is die voermateriaal wat hoofsaaklik gebruik word vir die produksie van koelmiddelgasse (wat koelkaste, vrieskaste en lugversorgers dryf) en aluminium-trifluoried (waarsonder aluminium nie koste-effektief geproduseer kan word nie). HF is ook noodsaaklik vir ander klein maar vinnig groeiende nismarkte.

Witkop het die regte op ’n groot vloeispaatmineraalhulpbron van hoë gehalte (alhoewel lae graad) en is nou goed geposisioneer om sy aansien as ’n betroubare voorkeurverskaffer van hoëgehaltesuurgraadvloeispaat aan die internasionale mark te herwin.

Sallies het op 19 Januarie 2011 aangekondig dat hy ’n bedryfskapitaalfasiliteit van VS$8 miljoen verkry het van Maghreb Minerals plc (“Maghreb”), ’n maatskappy wat op die Londense Aandelebeurs genoteer is en gesamentlik deur Firebird Global Master Fund Limited en Firebird Global Master Fund II Limited (tesame “Firebird”, synde Sallies se beherende aandeelhouer) beheer word. Maghreb het tegelykertyd aangekondig dat Firebird ’n voorwaardelike ooreenkoms gesluit het om sy aandelebesit in Sallies aan Maghreb te verkoop. Sallies het op 14 Februarie 2011 aangekondig dat Witkop ontginning en produksie sou hervat om uitvoerbestellings vir suurgraadvloeispaat uit te voer. Die maatskappy gaan voort met pogings om verdere bestellings te bekom.

Daar word nie verwag dat groot genoeg verkope gedurende die res van die huidige finansiële jaar behaal sal word om die verliese wat tot 31 Desember 2010 gely is, uit te skakel nie.

**LOPENDE ONDERNEMING**

Sallies se vermoë om as ’n lopende onderneming voort te gaan, hang af van die hervatting van winsgewende bedrywighede, wat daarvan afhang dat verdere uitvoerbestellings ontvang word.

Gelet op hierdie vooruitsig is die direkteure van mening dat die Sallies-groep vir die afsienbare toekoms ’n lopende onderneming is, omdat hy toereikende kontantmiddele het om al sy verbintenisse tot minstens die einde van F2011 na te kom.

**HONEYWELL**

Die geskil met Honeywell is gedurende die tydperk uiteindelik bygelê deur die uitreiking van 82 miljoen gewone aandele in die maatskappy ter algehele voldoening.

**SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS (“SAID”)**

Sallies en Witkop was betrokke in geskille met SAID met betrekking tot die aanslagjare 2000 tot 2003. SAID het nie die aftrekking van sekere tussenmaatskappybesteding toegelaat nie en het die tydsberekening van erkende inkomste verwerp. Hierdie kwessies is in November 2010 in die Belastinghof aangehoor en die regter het in ’n geskrewe uitspraak, wat in Januarie 2011 gelewer is, in

Die geskil met SAID met betrekking tot Sallies se BTW, soos aandeelhouers voorheen meegedeel is, is met sukses in Sallies se guns bygelê.

**OPSTELLINGSGRONDSLAG**

Die nagesiene gekonsolideerde resultate bevat die inligting wat deur IAS 34: Tussentydse Finansiële Rapportering sowel as die RE 500-standaarde soos deur die Rekeningkundigepraktyke-raad uitgereik, die Suid-Afrikaanse Maatskappywet en die Noteringsvereistes van JSE Beperk vereis word. Dit sluit rekeningkundige beleide in wat met Internasionale Finansiële Rapportingstandaarde ooreenstem en strook met dié wat by die opstelling van die finansiële resultate vir die jaar geëindig 30 Junie 2010 gebruik is.

**GEWYSIGDE NASIENVERSLAG**

BDO South Africa Geïnk. het ’n gewysigde nasienverslag oor die nagesiene gekonsolideerde resultate van die maatskappy vir die ses maande geëindig 31 Desember 2010 uitgereik.

Hulle het die aandag gevestig op die openbaarmaking deur die direkteure met betrekking tot die groep se vermoë om as ’n lopende onderneming voort te gaan. Hulle nasiening is in ooreenstemming met ISRE 2410 “Nasiening van Tussentydse Finansiële Inligting uitgevoer deur die onafhanklike ouditeur van die maatskappy” uitgevoer. Die gewysigde nasienverslag is by die maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

**DIREKSIE**

Patrick Cooke is met ingang van 14 Februarie 2011 as waarnemende hoof uitvoerende beampte aangestel.

**DIVIDENDE**

Geen tussentydse dividende is vir die tydperk verklaar nie.

Op las van die direksie

**Nicholas Davidoff**
*Nie-uitvoerende Voorsitter*

Johannesburg
4 Maart 2011

**Direkteure:**
Nicholas Davidoff (Voorsitter)*, Andrew Kamau*^, Jürgen Kögl*
Patrick Cooke (Waarnemende HUB, Finansiële Direkteur en HBB)
Sandile Swana*^, Stephen Morris*^
** Nie-uitvoerend ^ Onafhanklik*

**Geregistreerde kantoor:**
Blok C, Riverwalk Office Park
Matroosbergweg 41, Ashlea Gardens, Pretoria 0081
(Privaat Sak X1315, Zeerust, 2865)

**Ouditeure:**
BDO South Africa Geïnkorporeer
Blok C, Riverwalk Office Park
Matroosbergweg 41, Ashlea Gardens, Pretoria 0081
(Posbus 95436, Waterkloof, 0145)

**Oordragsekretaris:**
Computershare Investor Services (Eiendoms) Beperk
(Registrasienommer 2004/003647/07)
Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001
(Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

**Borg:**
Bridge Capital Advisors (Eiendoms) Beperk
2de Verdieping, Frickerweg 27
Illovo Boulevard, Illovo, 2196

ince.motiv